higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

REKENAARPRAKTYK N5

(6030165)

20 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REKENAARPRAKTYK N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Teorie/Bedryfstelsel (30 punte)
   AFDELING B: Woordverwerking/Teksmanipulering (70 punte)
   AFDELING C: Sigblad (70 punte)
   AFDELING D: Databasis (30 punte)

   AFDELING A (VRAAG 1 en 2) moet op die aangehegte ANTWOORBLAD beantwoord word. VRAAG 3 behels die DRUKSTUKKE van instruksies. Die voltooide ANTWOORDBLAD en DRUKSTUKKE moet in die korrekte volgorde in die EKSAMENOMSLAG geplaas word. Ongeveer 30 minute moet aan AFDELING A bestee word.

   AFDELING B word met behulp van 'n woordverwerkingsprogram voltooi en ongeveer 1 uur behoort aan AFDELING B bestee te word.

   AFDELING C word met behulp van 'n sigbladprogram voltooi en ongeveer 1 uur behoort aan AFDELING C bestee te word.

   AFDELING D word met behulp van 'n databasisprogram voltooi en ongeveer 30 minute behoort aan AFDELING D bestee te word.

2. 3 uur tyd word vir hierdie vraestel toegelaat. Jy moet jou antwoorde tydens die drie uur wat vir insleutelwerk toegelaat word, druk.

3. Stoor jou werk op die rekenaar met gereelde tussenposes om te verhoed dat ingesleutelde werk tydens 'n kragonderbreking verlore gaan. Slegs die duur van 'n kragonderbreking sal as bykomende tyd toegelaat word – geen ekstra tyd sal toegelaat word om verlore werk in te haal nie.

4. In die geval van 'n rekenaar- of drukkerweiering sal die toesighouer die nodige reëlings tref sodat jy met die eksamen kan voortgaan, en die werklike tyd wat verlore gegaan het, sal bykomend toegelaat word.

5. Indien daar 'n probleem met sekere drukkers is, byvoorbeeld dat dit nie ê druk nie, moet 'n verslag saam met die sentrum se DRUKSTUKKE gestuur word.

Kopiereg voorbehou

6. Kandidate mag 'n lys ASCII-kodes in hul besit hê. Kandidate mag nie enige leermateriaal (aantekeninge, handboeke of uitdeelstukke) in die eksamenlokaal inneem nie.

7. Die speltoetser moet gebruik word.

8. Elke antwoord moet op EEN kant van 'n afsonderlike bladsy gedruk word.

9. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word moet in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel gerangskik word. EEN DRUKSTUK per vraag mag ingedien word.

10. In AFDELING B van die vraestel mag slegs Courier New 12 pt gebruik word. In AFDELING C en AFDELING D van die vraestel mag Courier New 12 pt, Calibri 11 pt of Arial 10 pt gebruik word. In AFDELING B moet kantruimtes van 2,54 cm/1" gebruik word tensy anders aangedui is.

11. Let asseblief daarop dat geen vraestel uit die eksamenlokaal verwyder mag word voordat ten minste EEN uur sedert die begin van die eksamensessie verstryk het nie.

12. Jou EKSAMENNOMMER en SENTRUMNOMMER moet op die EKSAMENOMSLAG geskryf word en die weergawe van die sagteware wat gebruik is, moet aan die bokant van die dekblad aangedui word, bv. MS Office 2010.

13. Verseker dat elke DRUKSTUK die VRAAGNOMMER en EKSAMENNOMMER vertoon soos aangedui is.

14. Geskrewe EKSAMENNOMMERS is nie aanvaarbaar nie. Punte sal nie vir enige DRUKSTUKKE sonder EKSAMENNOMMERS toegeken word nie.

15. Indien 'n vraestel in meer as EEN sessie by die sentrum geskryf word, moet toesighouers verseker dat alle antwoorde van kandidate van die hardeskywe of netwerk verwyder is voordat die kandidate vir die volgende sessie in die lokaal toegelaat word.

16. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat die DRUKSTUKKE van die antwoorde asook die disket met die gestoorde antwoorde (duidelik met die kandidaat se EKSAMENNOMMER gemerk) ingee. Indien die kandidate se werk op 'n hardeskyf/netwerk gestoor is, moet die toesighouer(s) die werk op 'n kompakskyf/geheuestokkie kopieer waarna dit onmiddellik vanaf die hardeskyf/netwerk verwyder moet word. Die werk wat op CD's/geheuestokkie gestoor is, moet vir ten minste SES maande veilig bewaar word indien enige navrae daaroor gedoen sou word.

17. Geen kandidate mag hul werk vir ander kandidate druk, hul diskette aan ander kandidate verskaf of tot ander kandidate se werk oor die netwerk toegang verkry nie. Enige poging om toegang tot enige inligting van 'n ander kandidaat te bekom of om inligting aan 'n ander kandidaat oor te dra, ongeag die manier waarop dit gedoen word, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies en sal in 'n baie ernstige lig beskou word.

Kopiereg voorbehou

WAG VIR DIE TOESIGHOUER SE OPDRAG VOORDAT JY OMBLAAI.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TEORIE

Beantwoord VRAAG 1 en 2 op die aangehegte ANTWOORDBLAD. Voeg jou EKSAMENNOMMER op die ANTWOORDBLAD in.

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Mens het Wi-Fi nodig om by enige toegangsplekke (*hotspots*) by lughawens toegang tot die internet te verkry.

1.2 Tendensspoorprogramme (*trend-spotting programs*) wat vir besighede ontwikkel is, is al gebruik om kriminele aktiwiteit te voorspel.

1.3 Hooframe is groot kommersiële rekenaars wat in banke, hotelle en kolleges gebruik word.

1.4 Tans is die prestasie van robotte nie op voorafgeprogrammeerde algoritmes gebaseer nie.

1.5 Die sleutelbord is die afvoertoestel wat die algemeenste gebruik word.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 LAG staan vir ...

A leesallesgeheue
B laatalleengeheue
C leesalleengeheue
D leesaangeheue

2.2 Watter EEN van die volgende is nie 'n voorbeeld van 'n toevoertoestel nie?

A sleutelbord
B drukker
C muis
D USB-aandrywer

2.3 Watter EEN van die volgende is nie 'n voorbeeld van 'n bergingstoestel nie?

A hardeskyfaandrywers
B sagteware
C USB-aandrywer
D CD-aandrywers

Kopiereg voorbehou

2.4 Rekenaars verwerk data tot inligting deur uitsluitlik met ... te werk.

A multimedia
B woorde
C karakters
D getalle

2.5 'n Proses wat as ... bekend staan, word deur kleinhandelaars gebruik om neigings te bestudeer.

A data-ontginning
B dataseleksie
C VP
D data-omsetting

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Maak die lêerstruktuur oop wat in die REKENAARPRAKTYK N5-lêergids gestoor is.

Voeg 'n kopskrif in met jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en die VRAAGNOMMER regsbelyn. Maak slegs EEN DRUKSTUK per vraag en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

A:/



3.1 3.1.1 Skep 'n lêergids met die naam SPRINGBOKKE. (1)

3.1.2 Verskuif die STORMERS- en KINGS-lêergids na die SPRINGBOKKE-lêergids. (2)

3.1.3 Hernoem die lêer, HAAIE, in die KINGS-lêergids, na KAPTEIN. (1)

3.1.4 Skep 'n Word-lêer met die naam FLANK in die KINGS-lêergids. (1)

3.1.5 Skep 'n tekslêer, SLOT, in die KINGS-lêergids. (1)

	3.1.6	Vertoon die boomstruktuur (*tree structure*) van die inhoud van die KINGS-lêergids. Maak 'n skermdruk van hierdie opdragte. Verseker dat jy die korrekte kopskrif gebruik.	(2)
3.2	3.2.1	Kopieer die lêer, WESTELIKE PROVINSIE, in die KINGS-lêergids na die STORMERS-lêergids.	(1)
	3.2.2	Skep 'n Excel-lêer met die naam, WENNER, in die STORMERS-lêergids.	(1)
	3.2.3	Hernoem die lêer, GRANT KHOMO, na WÊRELDBEKER in die STORMERS-lêergids.	(1)
	3.2.4	Skrap die lêer, CRAVENWEEK, in die STORMERS-lêergids.	(1)
	3.2.5	Sorteer die inhoud van die STORMERS-lêergids in dalende volgorde volgens die naam van die lêer.	(1)
	3.2.6	Vertoon die inhoud van die STORMERS-lêergids. Maak 'n skermdruk van hierdie opdragte. Verseker dat jy die korrekte kopskrif gebruik.	(1)
3.3	3.3.1	Vertoon die bedryfstelsel en die WTG-grootte (RAM) van die rekenaar.	(2)
	3.3.2	Maak 'n skermdruk van die opdrag en verseker dat jy die korrekte kopskrif gebruik.	(1)
3.4	3.4.1	Verander die lêerattribuut van die SLOT-lêer in die KINGS-lêergids na leesalleen.	(2)
	3.4.2	Maak 'n skermdruk van die opdrag en verseker dat jy die korrekte kopskrif gebruik.	(1)
			[20]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4B

Hierdie dokument is reeds as VRAAG 4A op jou disket/hardeskyf ingesleutel.

4.1 Herwin die dokument wat as VRAAG 4A gestoor is.

4.2 Redigeer die dokument volgens die instruksies hier onder en soos op die volgende bladsye aangedui is.

4.3 Verander VRAAG 4A in die kopskrif na VRAAG 4B (regsbelyn) en voeg jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) in die kopskrif in. Gebruik Courier New 12 pt.

4.4 Verander die linkerkantruimte na 2,54 cm/1".

4.5 Gebruik die woordbrekings- en justeringsfunksie om groot oop ruimtes in die dokument te voorkom.

4.6 Voeg 'n voetnota in Courier New 10 pt, vetdruk en hoofletters in soos op die volgende bladsy aangedui is. Die teks vir die voetnota is soos volg: Oostelike Provinsie

4.7 Voeg kolomme in die dokument in soos aangedui.

4.8 Voeg 'n eindnota in Courier New 10 pt en kursief in soos in die teks op die volgende bladsy aangedui is. Die teks vir die eindnota is soos volg: Plaasvervanger

4.9 Voeg bladsynommers onder gesentreerd op alle bladsye in en begin by 10.

4.10 Nommer die reëls van die laaste paragraaf soos op bladsy 10 aangedui is. Tel in twees (2's).

4.11 Soek die woord 'springbokke' en vervang dit met SPRINGBOKKE in hoofletters, vetdruk en 16 pt.

4.12 Sentreer bladsy 1 en 3 vertikaal en horisontaal.

4.13 Stoor die dokument as VRAAG 4B.

4.14 Maak 'n DRUKSTUK van die dokument en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. Verseker dat die dokument in Courier New 12 pt gedruk is.

Kopiereg voorbehou

Siya Kolisi **bk, Arial Black 16 pt, sentreer**

╪

Siyamthanda Kolisi (gebore op 16 Junie 1991) is 'n Suid-Afrikaanse Rugby-uniespeler wat vir die Suid-Afrikaanse nasionale span, die Stormers in Super Rugby en Westelike Provinsie in die Curriebeker speel. Hy beskik oor die vermoë om in enige posisie in die agterlyn te speel, maar sover het hy die meeste as flank diens gedoen. **[**Kolisi was die eerste swartman wat in 'n internasionale rugbywedstryd as kaptein van die springbokke uitgedraf het.

keep paragraaf 1 links en regs teen 3 cm/1,18" in NP

╪

*** Voeg tabel hier in**

╪

Vroeëre lewe **bk, onderstreep**

╪

Kolisi het in die verarmde township, Zwide, buite Port Elizabeth, grootgeword en het 'n moeilike lewe beleef. Teen ouderdom 12 het hy by 'n toernooi in Mosselbaai werwers se oog gevang en is 'n merietebeurs by Junior Grey in Port Elizabeth* aangebied. Later was hy ook lid van Grey High School se eersterugbyspan. Hy was tussen 2007 en 2009 deel van die Oostelike Provinsie se jeuggroep en het in die onder-16 Grant Khomo-week en die onder-18 Cravenweek gespeel voordat hy na die Westelike Provinsie verskuif het.

***voeg voetnota hier in**

----------**bladsybreuk**----------

Loopbaan **bk, vetdruk**

╪

Kolisi het in die 2011-Vodacombeker sy senior debuut vir Westelike Provinsie teen die Goue Leeus gemaak, en later in die jaar het besering onder ander spelers en internasionale plasings hom die geleentheid gebied om gereeld in die beginspan in die Curriebeker uit te draf. Tydens die veldtog het hy 13 keer gespeel en 4 drieë gedruk, wat kritieke punte teen hul bitter teenstanders, die Blou Bulle, ingesluit het.

In 2012 het Kolisi by die Stormers aangesluit en het onmiddellik 'n invloed gehad met 1 drie tydens die 16 wedstryde in die seisoen. As deel van die Springbokspan het hy in 2013 net in Westelike Provinsie se finale 3 wedstryde van die Curriebeker gespeel en hulle het op hul tuisveld in die finaal met 33–19 teen die Haaie verloor.

Hy is op 20 Februarie 2017 as kaptein van die Stormers verkies. Hy het op 28 Mei 2018 Springbokkaptein geword – die eerste swart kaptein in die 126-jaar geskiedenis.

d/r

verander na 2 parallelle kolomme

loop aan

1,5 reëls

╪

Internasionaal **bk, kursief**

╪

Hy was lid van die Suid-Afrikaanse onder-20 span wat in 2010 en 2011 in die IRR se Junior Wêreldkampioenskap gespeel het. Hy het op 15 Junie 2013 in die Mbombela Stadion sy Springbokdebuut teen Skotland gemaak. Hy is as man van die wedstryd aangewys en sy span het met 30–17 gewen. Hy het in 2013* nog 9 keer as plaasvervanger vir die Springbokke gespeel.

sentreer

***voeg eindnota hier in**

----------**bladsybreuk**----------

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Persoonlike lewe **vetdruk, kursief**

Kolisi is in 2016 met Rachel Smith getroud en sedert 2018 het hulle saam twee kinders. Sy seun, Nicholas Siyamthanda (2015) en dogter, Kezia, wat in 2018 gebore is. Sedert 2014 maak Kolisi se halfsibbe, Liyema en Liphelo, die kinders van Siya se ma, wat in 2009 oorlede is, deel van die Kolisi huishouding uit. **Reëlnommering tel in twees (2's)**

*** Voeg tabel in waar aangedui en gebruik die *autofit*-funksie vir die inhoud**
Sleutel die tabel in Times New Roman 12 pt in
Versteek buiterande

Agtergrond oor die rugbyman **14 pt, bk, vetdruk, voeg saam en sentreer**				
VOLLE NAAM	GEBOORTEDATUM	LENGTE	GEWIG	SKOOL **vetdruk**
Siyamthanda Kolisi	16 Junie 1991	1,88 m	105 kg	Grey High School
Rugbyloopbaan **vetdruk, kursief, voeg saam en sentreer**				
Posisies gespeel	Spanne	Wedstryde gespeel	Wedstryde gewen	% Gewen **vetdruk regsbelyn**
Flank	Westelike Provinsie	58	48	83%
Agsteman	Stormers	66	51	77%
Slot	Springbokke	31	22	71%

Kopieer die hoofopskrif twee reëlafstande onder die laaste paragraaf en gebruik 'n 3 pt-rand

[40]

VRAAG 5

Jy is die HUB van die Suid-Afrikaanse Rugbyfederasie en moet 'n uitnodigingsbrief uitstuur om die spelers na die proewe vir die Rugbywêreldbeker uit te nooi.

VRAAG 5A

1. Gebruik die possaamvoegfunksie (*mail merge function*) om 'n datalêer te skep met die name en inligting in die tabel hier onder:

	BRIEF 1	**BRIEF 2**	**BRIEF 3**	**BRIEF 4**
NAAM	Clinton Kruger	Henro Mathane	Franco Widd	Thuso Modise
ADRES	Albertsstraat 67	Bataviastraat 11	Korhaanstraat 24	Aidastraat 63
DORP	PAARL	BELLVILLE	PATERNOSTER	STRAND
KODE	7620	7493	EKSAMENNOMMER	VRAAG 5A
TYD	9:00	9:00	9:00	9:00

2. Stoor die dokument as VRAAG 5A en maak 'n DRUKSTUK in landskap-oriëntasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (7)

VRAAG 5B

1. Gebruik die *mail merge*-funksie om die briewe aan die lede voor te berei (primêre dokument). Gebruik Courier New 12 pt.

2. Voeg 'n kopskrif met jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en VRAAG 5B regsbelyn in.

3. Voeg velde in waar dit tussen hakies aangedui is, bv. [NAAM].

4. Verander alle veldname na vetdruk.

5. Verander die linkerkantruimte van die dokument na 3 cm/1,1".

6. Stoor die dokument as VRAAG 5B en maak 'n DRUKSTUK in portretoriëntasie.

7. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

RUGBYWÊRELDBEKERPROEWE **bk, Times New Roman 14 pt, vetdruk**

10 cm/4" vanaf die kantruimte
Boundaryweg 8
Newlands **bk**
7700

Voeg vandag se datum in

[ADRES]
[DORP]
[KODE]

Geagte [NAAM]

Ons stel alle spelers hiermee in kennis dat hulle die rugbyproewe moet bywoon indien hulle vir die Rugbywêreldbeker in 2023 wil kwalifiseer. Die proewe sal op Voeg vandag se datum in by die Nuweland Rugbystadion plaasvind. Die proewe sal om [TYD] begin.

As puik atleet met baie potensiaal, sal ons jou graag as deel van die groep wil hê.

Ons sien daarna uit om jou by die proewe te ontmoet.

Groete

Siphiwe Makehle } **bk**
HUB }

(19)

VRAAG 5C

1. Voeg die dokumente VRAAG 5A en VRAAG 5B as een dokument saam.

2. Verander VRAAG 5B in die kopskrif na VRAAG 5C op al die bladsye in die nuwe dokument.

3. Druk die saamgevoegde briewe vir Widd en Modise in portretoriëntasie. Stoor die dokument as VRAAG 5C en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG. (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 70

AFDELING C

VRAAG 6

VRAAG 6B

1. Herwin die sigblad wat as VRAAG 6A op jou disket/hardeskyf gestoor is.

2. Verander die kopskrif na VRAAG 6B regsbelyn en voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn in.

3. Redigeer die sigblad volgens die instruksies hier onder en soos op die volgende bladsy aangedui.

4. Voeg horisontale en vertikale lyne in deur die metode te gebruik wat aan jou bekend is.

5. Verander die kolomopskrifte oor rye 7 en 8 na vetdruk en regsbelyn.

6. Verander die kolomformaat van die geboortedatum na dd/mm/yyyy.

7. Vertoon alle syfers as 'n getal met 1 desimaal.

8. Voeg nuwe kolomme en rye in soos aangedui.

9. Sorteer die sigblad in stygende volgorde volgens die GEBOORTEDATUM met alle ooreenstemmende data.

10. Verstel die kolomwydtes sodat die sigblad op EEN A4-landskapbladsy inpas.

11. Stoor die sigblad as VRAAG 6B.

12. Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K
1	SUID-AFRIKAANSE STATISTIEK **voeg saam en sentreer oor A–K**										
2	**oop ry**										
3	RUGBY **voeg saam en regsbelyn oor A–K**										
4	**oop ry**										
5	WEDSTRYDE GESPEEL:	15 **voeg teks in**									
6	**oop ry**		**voeg kolom in**				**voeg kolom in**			**voeg kolom in**	**voeg kolom in**
7					WEN	VERLOOR	% GEWEN	WEN	VERLOOR	% GEWEN	TOTAAL
8	SPELERS	SPAN	GEBOORTE-DATUM	OUDERDOM	**voeg saam en regsbelyn** 2017			**voeg saam en regsbelyn** 2018			VERLOOR
9	**oop ry**										
10	Clinton Kruger	Blou Bulle	04/04/1994		12	3		13	2		
11	Tshepo Modise	Cheetahs	06/10/1997		10	5		12	3		
12	Henro Mathane	Griekwas	12/12/1997		9	6		11	4		
13	Tshepo Mofokeng	Haaie	10/01/1993		13	2		14	1		
14	Bees Vermaak	SWD-Arende	15/05/1994		8	7		10	5		
15	Nathan du Preez	Stormers	16/06/1992		11	4		10	5		
16		TOTAAL	**vetdruk**								
17											
18	HOOGSTE % GEWEN 2017:										
19											
20	LAAGSTE % GEWEN 2018:		**voeg in bokas in**								
21											
22	GEM. OUDERDOM:										
23											
24	AANTAL SPANNE:										

(28)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6C

1. Kopieer die sigblad (selreeks A1:K24) na A26:K49 deur die formatering te behou en die tweede sigblad te redigeer soos hier onder:

2. Verander VRAAG 6B in die kopskrif na VRAAG 6C.

3. Voeg formules by die alfabetletters in om die volgende berekeninge te doen:

   A OUDERDOM = (Vandag se datum minus GEBOORTEDATUM) gedeel deur 365

   B % GEWEN 2017 = GEWEN 2017 gedeel deur die wedstryde gespeel

   C % GEWEN 2018 = GEWEN 2018 gedeel deur wedstryde gespeel

   D TOTAAL VERLOOR = Verloor 2017 plus Verloor 2018

   E TOTAAL = bepaal die som van die kolomme

   F Bepaal die HOOGSTE % GEWEN in 2017

   G Bepaal die LAAGSTE % GEWEN in 2018

   H Bepaal die GEMIDDELDE OUDERDOM van die spelers

   I Bepaal die AANTAL SPANNE

4. Gebruik absolute selverwysings waar nodig.

5. Kopieer al die formules na die ander selle soos in die sigblad aangedui.

6. Vertoon % GEWEN, HOOGSTE % GEWEN 2017 en LAAGSTE % GEWEN 2018 as persentasie met geen desimaal.

7. Vertoon OUDERDOM, GEMIDDELDE OUDERDOM en AANTAL SPANNE as heelgetalle en die res van die waardes met 1 desimaal.

8. Sentreer die sigblad vertikaal en horisontaal.

9. Pas die kolomwydtes aan sodat die sigblad op EEN A4-landskapbladsy inpas.

10. Stoor die sigblad as VRAAG 6C.

11. Druk die reeks A26:K49 met ry- en kolomopskrifte en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K
1						SUID-AFRIKAANSE STATISTIEK					
2											
3											RUGBY
4											
5	WEDSTRYDE GESPEEL:	15									
6											
7			GEBOORTE-		WEN	VERLOOR	% GEWEN	WEN	VER-LOOR	% GEWEN	TOTAAL
8	**SPELERS**	**SPAN**	**DATUM**	**OUDERDOM**			**2017**			**2018**	**VERLOOR**
9											
10	Clinton Kruger	Blou Bulle	04/04/1994	**A**	12	3	**B**	13	2	**C**	**D**
11	Tshepo Modise	Cheetahs	06/10/1997	↓	10	5	↓	12	3	↓	↓
12	Henro Mathane	Griekwas	12/12/1997	↓	9	6	↓	11	4	↓	↓
13	Tshepo Mofokeng	Haaie	10/01/1993	↓	13	2	↓	14	1	↓	↓
14	Bees Vermaak	SWD-Arende	15/05/1994	↓	8	7	↓	10	5	↓	↓
15	Nathan Du Preez	Stormers	16/06/1992	↓	11	4	↓	10	5	↓	↓
16		**TOTAAL**			**E**	**E**		**E**	**E**		**E**
17											
18	HOOGSTE % GEWEN 2017:						**F**				
19											
20	LAAGSTE % GEWEN 2018:									**G**	
21											
22	GEM. OUDERDOM:			**H**							
23											
24	AANTAL SPANNE:			**I**							

(18)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6D

1. Herwin die sigblad wat as VRAAG 6C gestoor is en verander VRAAG 6C in die kopskrif na VRAAG 6D.

2. Vertoon die formules.

3. Verstel die kolomwydtes sodat al die formules leesbaar is.

4. Versteek rye A1 tot A25 en kolomme B tot C.

5. Stoor die sigblad as VRAAG 6D.

6. Druk die formulesbladsy op EEN A4-landskapbladsy met ry- en kolomopskrifte. Moenie die *fit to page*-funksie gebruik nie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(12)

VRAAG 6E

1. Herwin die sigblad wat as VRAAG 6C gestoor is.

2. Skep 'n kolomgrafiek om die wedstryde wat in 2017 en 2018 deur elke span gewen en verloor is, te vergelyk.

3. Voeg die volgende kopskrif in:
EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 6E (regsbelyn).

4. Voeg die volgende grafiektitel in hoofletters in:

   WEN EN VERLOOR 2017 VS 2018

5. Verskaf geskikte titels vir die X-as en Y-as.

6. Moenie die legende vertoon nie.

7. Vertoon die datatabel met die legendesleutel.

8. Stoor die grafiek as VRAAG 6D.

9. Druk die grafiek op EEN nuwe bladsy in landskaporiëntasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(12)
[70]

TOTAAL AFDELING C: 70

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 7

Skep 'n databasis met die lêernaam, SPRINGBOKKE.

7.1 Skep die volgende struktuur:

VELD	TIPE/GROOTTE
Speler se naam	Maksimum van 25 karakters
Span	Maksimum van 16 karakters
Ouderdom	Heelgetal (*integer*)
Posisie	Maksimum van 15 karakters
Gewig in kg	Lang heelgetal (*long integer*)
EKSAMENNOMMER	Maksimum van 13 karakters

7.2 Stoor die dokument en maak 'n DRUKSTUK van die struktuur in portretoriëntasie. Moenie enige eienskappe en indekse druk nie. **[7]**

VRAAG 8

8.1 Skep die volgende rekords:

Speler se naam	Span	Ouderdom	Posisie	Gewig in kg	EKSAMENNOMMER
Clinton Kruger	Stormers	26	Loskopstut	120	Vraag 8
Tshepo Modise	Blou Bulle	28	Vleuel	90	
Henro Mathane	Haaie	24	Slot	100	
Tshepo Mofokeng	Stormers	33	Flank	108	
Bees Vermaak	Stormers	19	Haker	112	
Nathan du Preez	Haaie	22	Heelagter	88	

8.2 Stoor die dokument en maak 'n DRUKSTUK van die rekords in landskaporiëntasie. **[8]**

VRAAG 9

9.1 Voeg 'n rekord in vir Nols Gerecke, Stormers, 20, Senter, 101 kg.

9.2 Sorteer die inhoud van die databasis in stygende volgorde volgens die spelers se ouderdom.

9.3 Stoor die dokument en maak 'n DRUKSTUK van die rekords in landskaporiëntasie. **[4]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10

Skep 'n verslag wat die volgende inligting insluit:

10.1 Die verslag moet die volgende kolomopskrifte insluit:

Speler se naam	Span	Ouderdom	Posisie	Gewig in kg

10.2 Vetdruk alle kolomopskrifte.

10.3 Regsbelyn die kolomopskrifte oor 2 reëls.

10.4 Vertoon slegs die rekords van die Stormers-spelers wat jonger as 30 jaar is.

10.5 Sleutel die woord, GEMIDDELD, aan die einde van die verslag onder die kolom vir die Speler se naam in.

10.6 Bepaal die GEMIDDELD van die Gewig in kg van die spelers en vertoon die antwoord as 'n heelgetal onder die kolom vir Gewig in kg.

10.7 Voeg jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 10 (regsbelyn) as die kopskrif van die verslag in.

10.8 Stoor en druk die verslag in portretoriëntasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. **[11]**

TOTAAL AFDELING D: 30
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:**

VRAAG 1

1.1 _____

1.2 _____

1.3 _____

1.4 _____

1.5 _____

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 _____

2.2 _____

2.3 _____

2.4 _____

2.5 _____

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou